# Kerkreg en kerkorde in diens van die kerkregering: Oorsig oor 'n beskouing*

DR. C. J. SMIT

## 1. INLEIDING

Kerkreg is nie 'n laboratoriumwetenskap nie. Kerkreg is 'n 'wetenskap te velde'. Interessante teorieë oor die kerkreg en die kerkorde bly bloot van akademiese belang as dit nie 'n bruikbare basis vir die praktyk bied nie. 'n Skriftuurlike beskouing oor kerkreg en kerkorde, as 'n hegte basis vir die kerkregering, is derhalwe van primêre belang. Die ontwerp van so 'n basis het ten doel om die Woord van God oor die hele spektrum van die kerkregering te laat spreek. Op dié wyse kan 'n bydrae gelewer word om te verhoed dat kerkregtelike handelinge (veral) op meerdere vergaderings ad hoc handelinge word wat slegs afhanklik is van die insigte van individuele 'kerkregtelike broeders'. En so kan meegewerk word om te help verhinder dat kerklike vergaderinge teësprekende kerkregtelike besluit neem.[1])

1. Die noodsaaklikheid van 'n hegte Skriftuurlike basis vir kerkregtelike handelinge blyk uit die aktuele vraag van Potgieter, P. C. (Die gesag van die kerk se woord, UOVS, 1983, p. 12): "Is daar raad met die verleentheid wat die kerk soms ervaar rondom sy eie uitsprake?" Dit is 'n vraag wat onder die oppervlakte van die kerkregering 'n dieper probleemstelling oopvlek: "Die brandende vraag is egter steeds: Met watter gesag spreek die kerkvergadering in sy besluite?" (Potgieter, P. C., a.w. p. 10). Die noodsaaklikheid van 'n deurtastende teologies verantwoorde basis vir elke aspek van die kerkregering het steeds aktueler geword, wél as gevolg van die feit dat daar weinig ontwikkeling op dié gebied in die gereformeerde kerkreg sedert Voetius (met Rutgers se ontplooiing van Voetius se kerkreg en Bouwman se sistematisering daarvan) was (vgl. Nauta, D. se versugting in die verband: Grondslagen van de geschiedenis van het kerkrecht, in GTT, 76(1) : 15—42, Febr. 1976; sowel as Coertzen, P. se gelykluidende opmerking: Belydende kerkreg in Duitsland en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in NGTT, XX v(2) 179 — 187, Apr. 1984), maar ook omdat die onderskeid tussen menslike oorleg en goddelike bepaling in die kerkregering en die grens tussen menslike instelling en goddelike verordening nog veel, véél oortuigender bepaal moet word (vgl. Van't Spijker, W.: Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer, 1972, p. 7).

## 2. KERKREG

Kerkreg is 'n nie-staatlike verbandsreg[2]). Die 'verband' wat hier genoem word, is die kerk. Die kerk is 'n unieke samelewingsverband wat deur God uit die herskepping daargestel is; 'n samelewingsverband wat Hy op 'n bepaalde wyse wil onderhou.[3]) Vanweë die unieke aard van die kerk is die kerkreg 'n unieke regswetenskap. Dit is immers God wat self die reg en orde op 'n besondere wyse vir sy kerk bepaal. Dit doen Hy in sy Woord.[4]) Wat in God se oog vir die kerk ooreenkomstig sy wil *reg* en *ordelik* is, maak Hy in sy Woord deur sy regs- en geregtigheidshandelinge, deur sy Wet en deur sy besondere voorskrifte vir sy kerk bekend[5].) Maar God se reg en orde is nie 'n juridies uitgewerkte, reeds gepositiveerde regsorde vir sy kerk nie. Uit die neergelegde *beginsels* in die Woord van God vir die ontstaan, die bestaan en die voortbestaan van die kerk, moet deur die kerkreg God se reg en orde vir sy kerk nagevors, verklaar en toepaslik gemaak word.

Die bring ons by die volgende beskrywing van die kerkreg uit:

> *Kerkreg is die wetenskap waarin God se reg en orde vir sy kerk, soos geopenbaar in sy Woord, in die kerk bedien word deur dit na te vors, te verklaar en vir die kerkregering toepaslik te maak.*

Hieruit blyk die inhoud van kerkreg as die bediening van "God se reg en orde vir sy kerk," wat per definisie as 'n 'herstellingsreg' vir die 'herstelde gemeenskap' verstaan moet word.[6]) Derhalwe kan

2. Pienaar. G. het die kerkregtelike- sowel as die regsgronde vir die interne verbandsreg van die kerk netjies in sy proefskrif uiteengesit (Die gemeenregtelike regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg, PU vir CHO, 1982).
3. Van die reformasie af is hierdie gedagtegang steeds behou. Kyk bv. Calvyn, J: Institusie, 1559, IV, vi, 9; Rutgers, F. L.: Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt, 1894; Kuyper, A.: Encyclopaedie der heilige Godgeleerdheid. III, 1909, p. 227; Bouwman, H.: Gereformeerd Kerkrecht, I, 1970, p. 13. Aan dié gedagtegang het die kerk ook belydenisinhoud gegee, kyk Die Nederlandse Geloofsbelydenis, arts. 27—32 en Die Heidelbergse Kategismus, Son. 21, vr. 54 en ook Die Dordtse Leerreëls, I, 7.
4. Bybelse gegewens wat op God se reg en orde vir sy kerk dui, het ek in my proefskrif weergegee: Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk, PU vir CHO, 1985, p. 131—225.
5. Kyk ook Voetius, G.: Tractatus selecti; de politica ecclesiastica, IV, 1885 p. 119, 129, 832.
6. Die begrip kerkreg moet vanuit die herskepping, en as sodanig vanuit die koninkryk van God, verstaan word. Die geldende reg in die koninkryk is 'n herstellingsreg: God vind dit reg en goed om die kwaad te vernietig en in die proses reeds 'n nuwe lewensorde van prinsipieel herstelde mense daar te stel (Smit, C. J.: God se orde vir sy kerk, 1984, p. 70).

die aard van kerkreg uit die genoemde beskrywing ook as 'n 'bedieningswetenskap' tipeer word.

2.1 *Die betekenis van kerkreg vir die kerkregering as 'n herstellingsreg*

God se reg vir sy kerk kan nie met 'n menslike regsisteem vergelyk word nie. Eintlik is sý reg 'n vreemde reg. Hy spreek skuldiges vry deur sy eie Seun in hulle plek te vonnis. Op die wyse werk God radikaal herstellend op die sondeval in deur vir Hom 'n volk uit die deur sonde verbrokkelde mensheid te herstel. In hierdie 'herstelde' volk is die mensheid as't ware verteenwoordig. God se reg vir sy kerk is dus toegespits op die *herstelling* van sy skepping wat deur Satan stukkend gebreek en verdorwe is. Hierdie herstellingsdaad van God, in en deur Jesus Christus, bring 'n *normalisering* van verhoudinge mee. Binne die herskeppingsruimte, naamlik die koninkryk, tree God weer teenoor sondaars op soos teenoor eie kinders, en nou moet (en kán) sondaarmense prinsipieel reeds weer teenoor God optree soos teenoor 'n eie Vader. Wat God *reg* geskape het, maar as gevolg van die paradysleuen *on*-reg geword het, wil Hy weer *reg*-maak. Hierdie *reg*-maak van God sentreer in die versoening in en deur Jesus Christus en vind sy neerslag as 'n *herstellingsdaad* in die verbondsverhouding met sy volk. In Christus word dus 'n nuwe (regs-) orde neergelê, te wete die *kerk* as die domein van sy Koningsheerskappy.[7])

Uit die prinsipieel *herstelde* verhouding tussen God en sy volk blyk dat die reg op 'n gesagsverhouding, wat deur God bepaal word, rus. Dit kom juis in die *herskepping* aan die lig. Nou moet die *herstelde* kind in hierdie prinsipieel herstelde Vader-kindverhouding

7. As Tweede Adam word Christus dié **Dikaios** genoem (Hd. 3 : 14; 7 : 52; 22 : 14; 1 Pt : : 18; 1 Jh 2 : 1, 29; 3 : 7). Christus moet in der waarheid as die vervulling van die wet beskou word, in 'n sekere sin die doel van die wet. As dié **Dikaios** beantwoord Hy aan God se geregtigheidseis: "Die Aufgabe des alttestamentlichen Gesetzes war, der Gerechtigkeit Gottes zu dienen... In und mit Christus war die Gerechtigkeit gegeben, die der Mensch nicht, auch nicht vermittels des Gesetzes, schaffen konnte. Christus war in seiner Person und seinem Werk ein Ausdruck der Gerechtigkeit Gottes. Darum kann er auch das Ziel des Gesetzes genannt werden. Paulus spricht von ihm als télos nómou" (Bring, R: Christus und das Gesetz, 1969, p. 35; vlg. die koppeling van God se geregtigheid aan die soendood van Jesus Christus volgens Rm 3 : 24v in Ridderbos, H.: Aan de Romeinen, Commentaar op het Nieuwe Testament, 1959, p. 81—89, Murray, J.. The epistle to the Romans, New International Commentary on the N.T., 1979, p. 108—121 en Knox, D. B.: Righteousness in The New Bible Dictionary, 1968, p. 1097). "Urbildlich hat sich Gottes dikaiosune in Tod und Auferwechung Christi offenbart als die den Tod leibhaftig überwinnende Gottesmacht" (Stuhlmacher, P.: Gerechtigkeit Gottes bei Paulus, 1966, p. 238).

die Vader in alles gehoorsaam deur te doen wat *goed* in sy oog ooreenkomstig sy *wil* is.[8])

Omdat kerkreg die bediening van Gód se reg vir sy kerk is, is kerkreg 'n *herstellingsreg.* Hiermee word bedoel dat God se *herstelling van sy volk (die kerk)* die grondliggende motief van alle kerkregtelike handelinge moet wees. *Trouens, met geen kerkregtelike handeling mag begin word indien dit nie binne die intensie van die herstellingsmotief plaasvind nie.* Deur byvoorbeeld kerkinstituering, bevestiging van dienaars, handhawing van die regte leer geheel en al op die Bybelse *herstellingsmotief* af te stem, word Jesus Christus noodwendig as die Regeerder van die kerk erken. En omgekeerd, deur byvoorbeeld kerklik só te vergader dat Christus se regering oor sy kerk sigbaar word, deur die bediening van die kerklike tug asof dit Hý is wat tugtig, deur die regte toesig oor die Woordbediening asof dit Hýself is wat toesig hou, kom die herstelling van God se volk regsordelik as sy kerk tot uitdrukking.[9])

Om die *herstellingsmotief* in die kerkreg konkreet na die praktiese terrein van die kerkregering deur te trek, word hier met 'n enkele snit volstaan, te wete 'n fundamentele aspek van die kerklike tug. Met hierdie aspek kry elke kerkraad keer op keer te make, nl. die basiese, die onmisbare stramien van die kerklike tug: die *vermaning.* Die Griekse woord wat telkemale in die Nuwe Testament vir vermaning gebruik word, is *parakaléo,* 'n ryk, veelbetekende woord. Die kernbetekenisaspekte van hierdie woord is 'om vir hulp te vra', 'te vermaan', 'te vra', 'te smeek', 'te troos', 'te bemoedig', 'op te beur.'[10]) *Parakaléo* is stamverwant aan *paraklétos,* 'n bekende benaming vir die Heilige Gees in die Johannes-evangelie. In konteks met die betekenisaspekte van *paraklétos* (helper, advokaat, trooster)[11]) verkry *parakaléo* 'n merkwaardige betekenis. Om iemand te vermaan "as though God exhorted through us"[21]) beteken om hom op te beur, te bemoedig, te help, te troos, dit van hom af te smeek om die kwade te laat vaar en God te gehoorsaam. Elke daad van kerklike vermaning het die *her*stel van God se eer, die *herstel* van die sondaar en die *her*stel van die gemeente ten doel. Die voltrekking van die vermaning — in die kerklike tug - beoog dus die een groot doelstelling, naamlik *herstel.*[13])

Die *norm* vir alle kerkregtelike handelinge setel derhalwe in die *motief* van God se reg vir sy volk, naamlik *sy wil om te herstel.* Prakties is hierdie norm in God se *onpeilbare liefde* vir sy sondaarvolk geleë. Daarom is die konkrete norm ook vir ons kerkregtelike handelinge die liefdesgebod:

> "Jy moet die Here jou God liefhê met jou
> hele hart en met jou hele siel en met jou

8. Vgl. Van der Linde, G. P. L.: Kerkreg, dl. I, Ongepubliseerde klasdiktaat, PU vir CHO, 1980/81, p. 25.
9. Ten grondslag van hierdie kerkregbeskouing lê die ontwikkeling van 'n eie regsbeskouing op grond van die Skrif (Smit, C. J.: Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk 1985, p. 234—262).

Teen die agtergrond van 'n aantal regsfilosofiese beskouinge van waaruit die eiesoortigheid van die reg bepaal kan word, is op grond van die prinsipieel herstelde verhouding tussen God en sy volk, soos dit in die **herskepping** aan die lig kom, gekonkludeer dat die geldende bindende reëls vir die menslike samelewing slegs as't ware reg (ooreenkomstig God se reg) gekwalifiseer kan word as dit reëls is wat uit die beginsels wat God daargestel het — Skriftuurlik en natuurlik — gepositiveer is. Met inagneming van ontwyfelbare waarheidsmomente in kerntiperinge van die reg, soos **beveiliging/beskerming** (Neuman, J.: Bedeutung und Begrenzung des Rechts bei Thomas von Aquino, **in** Zeitschrift für evangelische Kirchenrecht, 23(1), Julie 1978, p. 8vv), **ampsgeborgenheid** (Du Plessis, L. M: Reg, geregtigheid en menseregte, **in** Obiter, 1980, p. 76 en Menseregte en konfliksituasies, **in** Koers, 44(5), 1979, p. 344), **vergelding** (Dooyeweerd, H.: A new critique of theoretical thought, II 1969, p. 129) vra ek uit 'n teologiese hoek oorweging vir die begrip **herstelling** as sinkern waaruit die eiesoortigheid van die reg bepaal kan word. Uit die intensie, die gevolge en die kwaliteit van die herskepping in Christus (in sy sterwe en opstanding) as 'n daad waarin ingrypende **regstelling** plaasgevind het, kan afgelei word dat al'e lyne van die regsbeoefening in die lig van God se reg juis in hierdie regstelling van die fundamentele God mensverhouding hulle knooppunt sal vind. Die eie aard van die reg, gesien teen die agtergrond van die sondeval (vgl. my artikel: Die sondeval se radikale invloed op die reg, **In Die Skriflig** (20) 79 : 36—42, Sept. 1986), is om te **herstel**, om weer **reg** te maak wat **on-reg** geword het en om te verhinder dat wat reg is **on-reg** word. Die **herstellingsbeskouing** maak ook ruimte vir die **beveiligings-**, die **ampsgeborgenheids-** en die **vergeldingsteorieë**. Die regstoepassing het ten doel om die regsbalans daar te stel en dit te handhaaf. In beide is die element van **herstel** teenwoordig, gesien in konteks met God se herskeppingsplan. Deur reg te stig word nie regsbalans herstel; deur (vermeende) onreg aan die reg te toets, word die regsbalans eweneens herstel. Deur te **ver-geld**, oefen die reg geen wraak uit nie, maar is hy gemoeid met die **herstelling** en die normalisering van die regsbalans (vgl. Stoker, H. G.: Die aard en rol van die reg: 'n wysgerige besinning, RAU, 1970, p. 50e.v.).
**Herstelling**, as die begrip waaruit die eiesoortigheid van die reg bepaal kan word, in konteks met God se herskeppingsplan, kan duidelik uit die volgende kernbeskrywing van die reg, wat ek ter oorweging aan die hand doen, afgelei word. **Menslike reg is die reëling van die mens se gedrag in ooreenstemming met God se wil, waarin indiwiduele en gemeenskaplike belange en elkeen se afsonderlike en gesamentlike bevoegdhede en verpligtinge ten aansien van die handelinge waarin ook andere betrokke is, herstel, genormaliseer en geharmonieer word om 'n ordelike lewenswyse tot eer van sy Naam daar te stel.**

10. Kyk Schmitz, O: Parakaléo, paraklésis **in** Theological Dictionary of the New Testament, V, 1979, p. 793—799.
11. Kyk Behm, J.: Paraklétos,**in** a w., p. 800—814
12. Schmitz, O , a.w., p. 795.
13. Kerkorde van die Gereformeerde kerke in S.A , 71. Vgl. Visser, J : se uiteensetting van die doel van die kerklike tug: Kerklike tug 1979, p. 50—61.

hele verstand en met jou hele krag. Dit
is die eerste en groot gebod. En die
tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet
jou naaste liefhê soos jouself."[14])

Die toetsvraag vir alle kerkregtelike handelinge — ook die tugbediening — moet dus steeds wees: Is dit God se herstellende reg wat *uit liefde* vir Hom volgens sy wil bedien word, en geskied die bediening daarvan deur die kerkregering *met liefde* vir God se volk, dit wil sê my broeders en my susters?

God se herstelling van sy volk se reg voor Hom (as sy kinders), kom egter nie in die kerkregering as 'n misplaaste, soet 'liefdesgeteem' oor die sondaar tot uitdrukking in die sin dat hý die verontregte is nie. *Regsherstel* beteken eerstens liefde vir God, gehoorsaamheid aan sy Woord, en in die lig hiervan liefde vir jou medebroeder en suster — wat meer dikwels tug, in die Bybelse betekenis van die woord, behoort in te sluit.

### 2.2 *Die betekenis van kerkreg vir die kerkregering as 'n bedieningswetenskap*

'n Kerkraad (of kerkrade in 'n meerdere vergadering) is nie met kerkreg besig as hy/hulle bloot op grond van 'n meerderheidsbeslissing bepaal wat die reg van die Here vir die kerk in 'n gegewe situasie is nie. So 'n handeling is bloot menslike 'regs'beslissings, oftewel regspositiwisme. Kerkreg is die ootmoedige vraag na die wil van die Here vir sy kerk ten opsigte van meer as sy regsordelike bestaan, inderdaad óók ten opsigte van sy geestelike bestaan. Dit gaan om God se heerskappy oor sy kerk wat ten beste tot uitvoer gebring moet word. Wat ten aansien van die kerk besluit moet word; ja, wat die kerk moet wees en wat hy moet doen, word deur die Skrif bepaal. Daarom is 'n Skrifbepaalde kerkreg wesenlik uitlegging en verkondiging, dit wil sê *bediening* van die Woord van God. Die klem in alle kerkregtelike handelinge val op die begrip *bediening*.[15])

Derhalwe lê die hantering van die kerkreg in die kerkregering deur die kerkraad op 'n heeltemal ander vlak as die hantering van die algemene reg deur 'n "kompetente regsvormende orgaan" wat "juridiese inhoud en gelding aan 'n regsbeginsel verleen".[16]) Die kerkrade is nie die regsvormende orgaan van die gemeente nie. Nee, die kerkrade is die geroepe *regsbedienende* organe van Jesus Christus in die gemeente. Die beginsels en bepalings vir kerkwees word deur God in sy Woord daargestel. Dit word nie deur 'n kerkraad bepaal en geldend gemaak nie.

Daarom behels die *bedieningsfunksie* van die kerkreg dat die kerkrade slegs God se reg vir sy kerk bedien. Omdat God se reg in sy Woord nie as 'n pasklaar juridiese orde vir sy kerk geopenbaar is

14. Mt 22 : 37—39.
15. Greijdanus, S.: Schriftbeginselen van kerkrecht, s.j. p. 4—8 e.v.
16. Van Zyl, F. J. & Van der Vyver, J. D.: Inleiding tot die regswetenskap, 2de uitg., 1982, p. 246.

nie, is dit in moeilike kerkregtelike kwessies natuurlik nie so eenvoudig om te bepaal wat God se reg in die situasie is nie. En deur die tweede helfte van hierdie eeu het dit ook al hoe meer 'n vraag geword na "hoe luisteren wij naar de Schrift, en hoe putten wij uit de bron van het Evangelie?"[17]) Sonder om hier in te gaan op die hermeneutiese vraagstuk, word volstaan deur te beklemtoon dat daar duidelike beginsels in die Skrif gegee is, wat in konteks met die herstellingsmotief vir die kerkregering geld. Ook in gewone praktiese reëlings ('middelmatige sake' soos byvoorbeeld die aanvangstyd van eredienste, grensreëlings tussen kerke, attestasiereëlings, ensovoorts) moet die kerkrade hulle laat lei deur die *herstellingsmotief* waardeur die *aedificatio* (opbou) van die gemeente beoog word.

Feit is dat Jesus Christus die *eintlike Regeerder* van die kerk is. En sy regering kan nooit van die Vader en die Heilige Gees losgedink word nie. Omdat dit die drie-enige God se heerskappy is wat in die kerk deur sy geroepe dienaars bedien word, behoort ons in die Gereformeerde kerke eintlik van die *teokraties-presbiteriale kerkregering* te praat.

Kerkrade wat 'reglemente' op die kerk van die Here afdwing, vergryp hulle aan die heerskappy van Jesus Christus. So word God se koningsvolk aan die slawerny van menslike bepalings onderwerp.[18]) Maar wie die kerkreg as 'n bedieningswetenskap hanteer, en só voor die Koning van die kerk buig, stuur die kerk veilig verby die tirannie van menslike 'wysheid' en prosedurereëlings en bring die kerk voor God se reg te staan.

## 3. *Kerkorde*

Vir kerkvergaderings is die versoeking soms groot om die kerkorde as 'n kerkwet te hanteer, dit is immers die maklikste en tydbesparendste weg. Dan kan die nakoming van kerkordelike prosedures op die letter af só op die spits gedryf word dat *die reg* soms daaronder ly. Gereformeerde kerkwees hang tog nie van prosedures af nie! Daarom is dit belangrik om die *aard* en die *hantering* van die kerkorde reg te verstaan.

### 3.1 *Die belang van die aard van die kerkorde vir die kerkregering*

Die kerkorde is geen 'kanonieke reg' benewens die Heilige Skrif nie. Trouens, die kerkorde is volkome van die Skrif afhanklik. Juis

17. Van't Spijker, W., a.w., p. 7.
18. 'n Voorbeeld van die onsalige stryd oor menslike bepalings waaraan die kerk onderwerp is, kan veral aangetoon word uit die slepende kerkstryd in die Nederlandse kerkgeskiedenis teen die 1816 reglement wat deur koning Willem I op die kerk afgedwing is. Hierdie stryd het eers tot die afskeiding in 1834 gelei (kyk die voortreflike werk onder redaksie van Deddens, D. en Kamphuis, J. hieroor: Afscheiding — Wederkeer, 1984) en later tot die doleansie van 1886 (kyk hieroor die eweneens voortreflike werk onder dieselfde redaksie Doleantie — Wederkeer, 1986).

as gevolg hiervan staan die kerkorde op 'n totaal ander vlak as 'n kerkreglement. Die kerkorde wil juis nie menslike bepalings afdwing nie. In werklikheid wil die kerkorde vir die doel van die kerkorganisasie en die kerkregering niks anders wees as die kerklike weg na die Heilige Skrif toe nie. Ek noem die volgende ter illustrasie:

> *Die kerkorde skep nie die kerklike dienste ('ampte') nie, maar gee dit weer. Die kerkorde konstitueer nie die kerklike vergaderings nie, maar gee ordelike beslag daaraan. Die kerkorde stel nie die Woordverkondiging en die sakramentsbediening daar nie, maar beveilig en handhaaf dit. Die kerkorde beveel nie die kerklike tug nie, maar sistematiseer dié Skrifopdrag tot kerklike prosedure. Die kerkorde skep nie die kerkinstituut nie, maar handhaaf die Skrifbeginsels daarvoor en gee dit weer (wo. diensinstelling, Woord- en Sakramentsbediening, ensovoorts).*

Hieruit blyk dat 'n Skrifgebonde kerkorde die *beginseldraende modus quo* vir die kerkregering is. Die beginsels wat deur die kerkorde gedra word, is onveranderlik, maar praktiese ordereëlings, prosedures, ensovoorts val onder die aspek van die betreklikheid. Dit mag en móét verander as die uiterlike omstandighede op grond van die herstelmotief dit noodsaak: *aedificatio ecclesiae suprema lex* ("die opbou van die kerk is die hoogste wet").[19])

Die kerkorde is derhalwe die rigtingpyler na die Woord van God toe waardeur verhinder kan word dat die kerk in die benepenheid van 'n 'eie wetlikheid' verval. Die kerkorde stel die kerk voor die Skriftuurlike eis dat hy as die *herstelde* volk van God in kerklike gehoorsaamheid aan Hóm moet leef. Die kerkorde wil die kerkvergaderings verhinder om 'n 'kerklike parlement' te word waar mense deur oraterie beslis en selfs om hulle eie sin maneuvreer.[20])

In die geval waar die 'kerkorde' verval het tot 'n handboek van kerkreglemente, word die kerk 'n slagoffer van menslike heerskappy. Waar die kerkorde dus ontdaan word van sy *diensfunksie* en as 'n reglementebundel *naas* die Heilige Skrif gestel word, verval myns insiens sy totale bestaansreg. Die kerkorde se eie glorie lê in sy sekondêre funksie, naamlik sy diensbaarheid aan die Skrif.[21])

19. Vgl. Hovius, J.: Het verband tussen onze belijdenis en onze kerkorde, 1962, p. 11, 25. Vgl. veral ook Calvyn, J.: Institusie, 1559, IV, 1, 5; IV, x, 27, 30, 31, 32.
20. Vgl. Rutgers, F. L.: De geldigheid van de oude kerkordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, 1890, p. 39, 40; So ook Van der Walt, J. J.: Christus as Hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering, 1976, p. 161; en De Jong, P. Y.: The genius of reformed church policy. in Church order and Church Union, conference papers of the Reformed Ecumenical Synod conference on Church Order, 1967, p. 18).
21. Vgl. Jonker, W. D.: Om die regering van Christus in sy kerk, Unisa, 1965, p. 11—14; ook Van der Walt, J. J., a.w., p. 6; en Sadler, T. H. N.: 'n Pleit teen reglementering van die kerkreg, **Die Kerkbode**, 131(18), p. 564v, Mei 1979.

Om die kerkorde reg toe te pas moet déûr die kerkorde steeds by die *Heilige Skrif* uitgekom word. En om nie in biblisisme (eensydige Skrifinterpretasies) te verval nie, moet die belydenisskrifte terdeë in ag geneem word.[22])
So moet die *kerkregtelike beginsels,* waardeur die kerkorde bepaal word, in elke gegewe situasie nagevors word ter wille van die kerklike opbou van God se herstelde volk. Terselfdertyd moet die geskiedenis van die kerkorde oor die algemeen en dié van die ter sake artikel in die besonder nagevors en in ag geneem word vir die behoorlike toepassing daarvan bondig geformuleer:

> Die kerkorde is in die Heilige Skrif *gefundeer* en daardeur via die belydenis *genormeer;* die kerkorde word deur die kerkreg *geformeer* en *geprogrammeer;* die kerkorde word deur sy geskiedenis *gesitueer.*

3.2 *Die hantering van die kerkorde in die kerkregering*

Dat die kerkorde nie as 'n *kerkwet* gesien moet word nie, is geensins 'n pleit vir *onverskilligheid* jeens die kerkorde[23]) nie. Die kerkorde mag nie na *willekeur* uitgevoer word nie, maar moet met wysheid hanteer word. En wysheid is ten diepste *insig in God se genade* oor sy sondevervalle volk wat onverklaarbaar deur Hom herstel word.[24])

22. Vgl. Hovius, J., a.w., se uitnemende dissertasie oor die verhouding tussen die belydenis en die kerkorde.
23. Onder "die kerkorde" word hier natuurlik deurgaans die Skrifverankerde kerkordelike hooflyn, soos deur die Dordtse Kerkorde beliggaam, verstaan: 'n kerkorde wat die toets van die tyd deurstaan het as 'n Skrifverantwoorde konsep vir kerkorganisasie (vgl. selfs Van den Berg, M. R.: De gekerkerde kerk, 1969, p. 31v, wat ondanks sy heftige aanval teen enige vorm van kerkorde toegee dat die Dordtse Kerkorde"... in vergelijking met andere kerkelijke organisatievormen niet ten onrechte verdedigd is", én Hovius, J., a.w., p. 16 — 20 wat die bestek van die Dordtse Kerkorde as èn Skriftuurlik èn konfessioneel regverdig; èn Van der Walt, J. J. Christus as Hoof van die kerk en art, 46 van die kerkorde, **In die Skriflig**, 8(32), p. 5, Desember 1974, wat die Dordtse Kerkorde inderdaad as "die klassieke voorbee'd van presbiteriale kerkregering" bestempel).
24. Ten grondslag van die Hebreeuse chokmah lê "die vrees van die Here" (Ps. 111 : 10; Spr 1 : 7; 9 : 10 ens.). Hierdie uitdrukking het nie met angs te make nie, maar met die allerverste grens van geloofsontsag en eerbied in die praktiese geloofsuitlewing van die daaglikse doen en late. Sonder wysheid waarin "die vrees van die Here" ontbrand, leef 'n mens verby enige sin van alle dinge (kyk Fohrer, G.: Sophia, in Theological Dictionary of the New Testament, VII, p. 476—526, 1979). Maar met wysheid kom jy in die kader tereg van wat goed en reg is (vgl. Job 28 : 28). Omdat Christus die beliggaming van die wysheid van God is (1 Kor 1 : 24 30; Kol 2 : 3; Op 5 : 12; vgl. Spr 8), moet die kerkorde die moontlikheid van die kerk se beantwoording van sý norme ordelik reël.

Wysheid veronderstel *perspektief*. Die lidmaat moet nooit los van sy verbondenheid aan die kerk gesien word nie. En die kerk mag nooit los van die lidmaat gesien word nie. Dit gaan nie om die belange van twee partye teenoor mekaar nie. Kerkrade moet byvoorbeeld veral in tugsake daarteen waak dat die ter sake aangeleentheid in 'n 'saak' tussen die kerkraad en die lidmaat as twee 'partye' teenoor mekaar ontaard. Die 'oplossing' van so 'n ontaarde saak word dan gewoonlik afgestem op 'n 'versoening' tussen die lidmaat en die kerkraad, omdat die sondevolharding waarom dit eintlik gaan deur 'n onsalige twis in die agtergrond 'verdwyn' het. In werklikheid gaan dit in elke tugsaak immers om die lidmaat in sy sondevolharding voor God te stel. Die kerkraad se doel is om die lidmaat met God te versoen, om sodoende eerstens God se eer te herstel, tweedens die eenheid van die gemeente te herstel en derdens die lidmaat in sy kindskap voor God te herstel.

Maar wysheid veronderstel ook *billikheid.*[25]) Rigoristiese toepassing van die kerkorde, ongeag die besondere omstandighede, word uiteindelik weer pure menseheerskappy, ondanks die kerkorde se uitgesproke intensie van Christusheerskappy. Ten diepste lê die betekenis van *billikheid*, in 'n Skriftuurlike konnotasie, in God se geregtigheid: Hy is *vir* sy kerk *teen* die kwaad (ook *in* sy kerk). Sy regspraak moet altyd in terme van sy verbond verstaan word. Hy spreek die aangeklaagde vry indien die aangeklaagde sy kind is vir wie Christus reeds die straf gedra het. Sy *billikheid* is geleë in 'n regsverhouding waarin die vonnis die uitspraak as't ware voorafgegaan het. Vanweë 'n voltrekte vonnis kan daar nou uitspraak wees: dit is God se billikheid. Kerklike beslissings moet, op grond van die kerkorde-in-diens-van-Christus-se-heerskappy *billik* wees. Die billikheid eis 'n beregting binne die kader van Christus se billikheid. Soms verg die eis om billikheid die moed om selfs af te wyk van die gewone prosedure, wat deur die kerkorde gereël word, solank dié afwyking maar Skriftuurlik in diens van die herstelmotief verantwoord kan word! Konkreet hou dit in dat die kerkorde in

25. Sowel Luther as Calvyn het terdeë met die Romeinse aequitas rekening gehou. Luther was, begryplik omdat hyself 'n slagoffer van Roomse rigorisme was, wars teen alle wetlike rigorisme (bv. D. Martin Luthers Werke, W. A. 6, 1883, p. 353). Hy het die aequitas as die temperaar beskou wat wetsrigorisme (rigorem legum) moes terugdring (W. A. 14, p. 686). Vir Calvyn is die aequitas in die natuurwet en in die gewete gegee (Plomp, J.: Salus ecclesiae suprema lex, in De Knechtsgestalte van Christus, 1978, p. 145). Die regte toepassing van die kerkorde is vir Calvyn in 'n groot mate van die aequitas afhanklik. Hy ag die aequitas feitlik sinoniem met regverdigheid (Calvyn, J.: Institusie, 1559, III, vii, 3; vgl. ook IV, xx, 9 en 16). Ook Voetius waarsku op grond van die aequitas teen 'n alte starre en rigiede toepassing van kerkordelike bepalings (vgl. Plomp, J., a.w., p. 147).

kinderlike gehoorsaamheid aan Christus toegepas word, en nie volgens die 'letter-in-isolement' daarvan nie. Die 'letter' moet gelees word in die lig van die Woord en moet gemeet word aan die eis van die liefde en die billikheid — óók in die lig van die Woord.[26]) Sodoende word die kerkorde met betrekking tot sy funksionering nie 'n doel op sigself nie, maar bly dit 'n rigtingpyler na die Woord toe (beter gesê: *norma ministrans*).

In alle kerkordelike handelinge word ten slotte 'n geloofsfunksie vervul, nie 'n juristiese funksie nie. Dit gaan om die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het.[27]) Daarom begin die toepassing van die kerkorde in die teokraties-presbiteriale kerkregering by die gebed. In die gebed om die wysheid waardeur die leiding van die Gees deur die Woord herken mag word, lê die eintlike sleutel wat die geheim ontsluit waardeur kerkregtelike handelinge bo menslike vindingrykheid, blote debateerkuns en wetlike vaardighede verhef word.[28])

4. *Slot*

Èn die kerkreg èn die kerkorde is nie by magte om die herstelling van 'n deur die sonde verdorwe mensdom te bewerkstellig nie. Die kerkreg vors slegs die (regs-) herstelling wat deur Jesus Christus vir sy kerk bewerkstellig is, na en maak hierdie herstelling op 'n kerkregtelike wyse vir die kerkregering toepaslik.

So is die kerkreg ten diepste niks anders as Woorduitleg en Woordverkondiging nie. En die kerkorde se funksie is in hoofsaak om die Woordverkondiging te beveilig.

Per slot van rekening leef die kerk nog in die nag, maar die lamp in ons hand is die lig van 'n nuwe dag wat breek: die dagbreek van God se reg en orde vir sy volk. In dié lig leef ons. Op Hóm wag ons.

*Gelewer voor die kerkraad van die Gereformeerde Kerke Krugersdorp op 6 Junie 1986 en Die Kandelaar op 28 November 1986.*

26. Van oudsher is die veranderbaarheid van die kerkorde onder Gereformeerdes op voetspoor van Calvyn erken (Calvyn, J. Institusie, 1559, IV, x, 30). Die veranderbaarheid van die kerkorde is moontlik omdat die kerkorde op die utilitas ecclesiarum gerig is, hoewel dit natuurlik in die Skrif veranker is. Hiervolgens geld die veranderbaarheid nie die konstitutiewe basis in die kerkorde nie, maar wel die regulatiewe aspekte, die modus quo, die prosedurereëlings. Wie prinsipieel die veranderbaarheid van die kerkorde toegee, gee ook toe dat 'n bepaalde reëling van die kerkorde ten opsigte van 'n bepaalde (buitengewone) situasie verander kân word, sonder dat daarmee van die kerkorde as sodanig afstand gedoen word.

27. N.G.B., art. 30.

28. Vgl. Kamphuis, J.: Verkenningen III, 1966, p. 8.; ook Van't Spijker, W.: Democratisering van de kerk anno 1562, 1974, p. 38.